Geagte E.M. en mev. V.
Geagte Ministers en hul goeie gades
Their Excell's and good ladies
e.a. hooggeëerde gaste

H.B.Th.

191. T. 4 (6)

HENDRIK VERWOERD-TOEKENNING

SY EDELE B.J. VORSTER

Commendatio deur

Prof. H.B. Thom, Voorsitter, Hendrik Verwoerd-Trust

(Pretoria, 29 November 1975, 8.00 nm.)

Dit is nie my doel om 'n uitvoerige curriculum vitae van mnr. Vorster te gee nie; dit is ook nie nodig nie. Ons konstateer net dat hy van Noordoos-Kaapland afkomstig is; dat hy as student Stellenbosch toe is - waar, terloops gesê, die groot geluk hom oorgekom het dat hy mev. Vorster raakgeloop het; dat hy vervolgens in Port Elizabeth en op Brakpan in die regspraktyk gestaan het; dat hy hom reeds op jeugdige leeftyd in die draaikolke van die politieke lewe begeef het; dat hy in 1953 Volksraadslid vir Nigel geword het; dat hy die voormalige ministerie van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die ministerie van Justisie behartig het; en dat hy die toppunt van die politieke leer in 1966 bereik het toe hy aangewys is as Eerste Minister van die Republiek van Suid-Afrika.

Dit is tewens nie my doel om 'n lang karakterskets van mnr. Vorster te gee nie; dit is ook nie nodig nie. Ek konstateer net dat hy sy lewe lank 'n beginselvaste mens is, 'n wellewende, nederige mens, 'n mens van integriteit en lojaliteit, 'n mens wat om hierdie persoonlike kwaliteite hoog gerespekteer word.

Merkwaardig soos sy loopbaan is, en bewonderenswaardig soos sy geesteskwaliteite is, is dit nie die hoofredes waarom die Hendrik Verwoerd-Toekenning aan hom gemaak word nie. Die hoofrede lê in die nuwe dimensie wat hy in die politiek van Suid-Afrika - en Suider-Afrika - gebring het. Laat ons dit kortliks nagaan.

2/............

Jarelank was ons gewoond daaraan dat die blanke in Suid-Afrika, ter wille van beskawing en Christendom en vooruitgang, voortdurend om sy blote voortbestaan moes stry. Ons was gewoond daaraan dat die blanke, vanweë sy Europese beskawing, geïsoleerd gestaan het van Afrika, die groot kontinent waarin hy woon; dat hy hom kultureel een gevoel het met Wes-Europa en dat hy tevrede was met - en selfs trots op - die etiket: Voorpos van Europa in Afrika. Ons was ook gewoond daaraan dat ons kontinent in hoë mate geïsoleerd gestaan van ander lande en kontinente van die wêreld.

Maar dinge het inmiddels baie verander. Beskawing en staatkundige denke het in lande van Afrika veld gewen, en in ons suidelike subkontinent het die blanke man van Suid-Afrika self 'n groot aandeel hieraan gehad. Die blanke van Suid-Afrika het hom ook baie meer van Afrika bewus geword en hom geleidelik meer en meer deel van sy kontinent gemaak. Die fundamentele begrip wat die Groot Trek en die stigting van republieke ten grondslag gelê het, nl. staatkundige vryheid vir die blanke op die bodem van Afrika, het sy logiese geestelike implikasie gelewer: Die Afrikaner, blank en Europees van herkoms, het in Afrika die eerste geword om die imperialistiese kolonisasiegedagte van Wes-Europa te verwerp en hom aldus onomwonde met Afrika een te verklaar. Dit het gebeur in 'n tyd waarin die isolement van lande en kontinente, met hulle volke en rasse, vanweë 'n verskeidenheid van fisiese en geestelike kommunikasiemiddele, al hoe minder geword het, totdat ons vandag in 'n wêreld woon waarin die fenomeen van die isolement, soos ons dit histories geken het, vrywel totaal verdwyn het.

Nou is dit so dat ons almal, of ons blank of bruin of swart is, in hierdie nuwe wêreld ons weg sal moet vind; en die mate waarin ons hierin sal slaag, sal in regstreekse verhouding staan

3/..........

tot die mate waarin ons met ons medemens oor die weg kan kom, d.w.s. in soverre dit op redelike wyse en ooreenkomstig gesonde, beginsels kan gebeur. Hierdie kwalifikasie moet natuurlik gestel word, want onredelikheid en eersug, hebsug en magsug sal daar seker altyd in die wêreld wees.

Die feit waardeur ons in die jongste tyd gekonfronteer word, is egter dat ons in ons denke, veral ons staatkundige denke, nie altyd tred gehou het met die onverbiddelike eise van die nuwe tyd nie. In ons tyd waarin daar so min van isolement oor is, wou sommige van ons nog steeds met die gewone resepte van die isolement werk. Dit sal nie deug nie; en dit sal nog al hoe minder deug na mate mense van verskillende lande en volke groter politieke bewuswording ondervind. Dit ly geen twyfel nie dat die resepte van die isolement in ons wêreld van vandag vir ons maklik gevaarlike gevolge kan lewer: misverstand, spanning, ontwrigting, botsing, ellende.

Dit geld veral vir die lande van suidelike Afrika. Hier lê 'n tiental onafhanklike state in die versmallende suidelike deel van die kontinent teenaan of naby mekaar. Hulle toon 'n kaleidoskopiese verlede van uiteenlopende elemente, van vriendskap en goedgesindheid aan die een uiterste tot botsing en bloedvergieting aan die ander. Die toekoms lê voor hulle: Wat gaan hulle keuse vir die toekoms wees? Of altans: So ver dit binne hulle mag lê, wat gaan hulle vir die toekoms probeer doen?

Dit is op hierdie toneel dat mnr. Vorster verskyn het. Reeds in sy jare as Minister van Justisie (1961 - 1966), toe hy met krag o.a. teen die Kommunisme opgetree het, het hy hom die man van wet en orde getoon, die man wat rus en veiligheid vir Suid-Afrika nastreef, want rus en veiligheid is vir hom nog altyd die sine

4/.............

qua non vir ware geluk en vooruitgang. Sy groot toets het gekom: Wat gaan hy doen in die nuwe wêreld waarin spanning en konfrontasie in skerpe belyning afgeteken staan? Wat gaan hy doen ten aansien van sy eie mense, hulle wat in hoë mate aan die patrone van die verlede geheg was? Wat gaan hy doen ten aansien van die Nie-blankes, Nie-blankes van sy eie land en Nie-blankes van ander onafhanklike Afrika-lande?

Die natuurlike uitloper van 'n komplete staatsmansgees het na vore gekom, - delikaat, sonder basuin, en wel-oorwoë wat tyd en plek aangaan, maar, nota bene, omrede van die delikaatheid en stilte nie minder koersvas en beslis nie. Was rus en veiligheid in die verlede nodig, dan het dit in die nuwe tyd inderwaarheid gebiedend noodsaaklik geword. En as rus en veiligheid verkry moet word, dan moet eers bowenal ontspanning gesoek word, want spanning en rus is nie karperde nie, en veiligheid en spanning word kwalik saam ingespan.

Mnr. Vorster het sy beleid van ontspanning van stapel gestuur.

\+ + + + + + + +

Mr. Vorster launched his policy of détente. It came in a quiet, unobtrusive way: when the world took note the first steps had already been taken. But gradually the clarity of purpose, the extent and impact unfolded. This was a new voice from Africa: With honesty, frankness and realism Mr. Vorster presented facts about which others - among them good friends and political colleagues - scarcely whispered; he went to the roots of the problem while others, with appropriate gesticulation and vocabulary, at congresses and simposia treated the symptoms of the

5/.............

surface; he stated unequivocally what his aims were while others, enemies of South Africa and of democracy, with nebulous, false phrases tried to mislead our people - especially our black people. It will be readily granted: we are justified in our reference to a new dimension in the politics of the sub continent.

Mr. Vorster will be the last to say that the success of his policy is already a fait accompli; he will be the first to admit that the curtain has merely been drawn, and that disappointments can be expected. But the fact is patent: he has made a start; he has lit a torch, a torch which can shed its light on a considerable part of Africa.

Let us ponder for a moment the demands this has made on Mr. Vorster. He has tackled a job of international extent. He has come out in open opposition against cherished slogans of countries that have traditionally used South Africa either as a lightning conductor from own malpractices or as a hunting ground for own gain. He has accepted a task which cannot be carried out from his office, nor from within the confines of his country; it is a challenge which has to be met at the outposts, in foreign lands, with friend and foe, in order to draw friends still closer and to lead enemies, i.e. if they still command a measure of justice, to a deeper understanding of vital problems. It is a task which can be carried out only to a limited extent by others: others can render assistance, valuable assistance, but it has to be executed in person. We realise that, both mentally and physically, the demands on Mr. Vorster have been heavy and exhausting, but we know also that faith in what he is doing, and the massive support of his people, are to him inspiring sources of strength.

6/............

Nearer home Mr. Vorster had to take into account his own people, the people who brought him where he stands today. Among them there were those who were ~~as~~ not yet ~~not~~ spiritually equipped to accept the ~~spiritual~~ responsibilities of radically changed circumstances, and who were, in the complexities of the new age, still holding on to simplistic prescriptions of a condition of isolation that had obtained for generations. And let this be said: among them there were also good, dependable, responsible people who love South Africa and are deeply concerned about the welfare of all men and women living in this country.

Mr. Vorster did not deviate from his course. He did not shift his sails because of the possibility - even probability - of opposition from his own supporters; on the contrary, he informed and led his own people, who quickly reacted and grasped the situation: they trusted him and fell in behind him. The fact that in difficult, contentious matters he has been given so much ready, understanding support must be to him a moving experience and, at the same time, a dynamic inspiration.

There are, of course, in the political field also those who will on no account support him, but this need not worry us. There are, however, also honest critics, who are loyal to South Africa and to whom we should pay attention, e.g. the aged Afrikaner farmer of the Northeast Cape who exclaimed: "I cannot agree with everything the Prime Minister says about the non-whites and the non-white states; but God knows, I see no alternative". Men of this calibre, serious, thinking men, are in the end pillars of strength by the side of Mr. Vorster.

Mr. Vorster has remained calm and consistent; his voice is the

voice of reason, the voice of the leader who clearly shows the way, even when he has to go through the painful exercise of differing with some of his best friends. We realise that only time will tell whether his policy of détente will achieve the degree of success we all desire; but we also know that the course he has chosen and the fruits that have already been reaped, are of profound significance to South Africa and our whole sub continent. We pray our Heavenly Father that finally lasting success may be achieved; and we are happy to know that Mr. Vorster in a truly Christian manner seeks the perfect light of God.

\+ + + + + + + + +

Ons spreek hiermee opregte dank uit aan mnr. Vorster; ons betuig ook hartlike dank aan mev. Vorster wat hom so getrou ter syde staan; ons betuig aan hulle albei ons bewondering en ondersteuning; ons wens hulle albei toe sukses en seën in die jare wat voorlê. Ons vra hulle: "Gaan voort in diens van Suid-Afrika", - en ons voeg by: "Ons sal u met liefde volg".

++++++++++++++++++++++++++

Balthazar Johannes Vorster, u het op uitnemende wyse voldoen aan die vereiste wat vir 'n ontvanger van die Hendrik Verwoerd-Toekenning gestel word, t.w. dat hy buitengewone diens van nasionale betekenis moet gelewer het. Namens die Trustees, en ooreenkomstig die Akte van die Trust, oorhandig ek hiermee aan

8/............

u die Hendrik Verwoerd-Toekenning. Ek wens u van harte geluk; mag sukses en vreugde u op u weg vergesel.

(get.) H.B. THOM